PREEKOPSOMMING



Reeks: **2009 – ‘n Anderste Kersfees.**
Tema #3: ***“Jesus se vreemde lewensritme – alles begin by God”.***
Teks: Lukas 6:12-19.
Kernvers: ***“In daardie tyd het Jesus uitgegaan na die berg toe om te bid en die hele nag deurgebring in gebed tot God.”*** (Lukas 6:12)
Datum: 22 November 2009
Prediker: Dr Johan Kruger (sel: 0842568031)

Die sleutel om ‘n geskenk te wees vir ander

Waar begin dit alles? Wat kan jy doen om te sorg dat jy spontaan (sonder veel moeite) ‘n geskenk vir ander mense kan wees? Wat is die sleutel wat die skatkamer kan oopsluit om ‘n geskenk te wees vir ander wat hierdie Kersfees-geur van Jesus in die tyd sal versprei? Die groot antwoord is – dit alles draai om die mate wat jy regtig saam met God, en naby God in ‘n “close”-verhouding *(“close connectedness”)* met God en sy Gees saam leef. Die groot woord om dit saam te vat is: ***spiritualiteit***. Jou spiritualiteit bepaal of jy ‘n geskenk vir ander mense gaan wees.

Spriritualiteit gedefinieer

Die woord spiritualiteit is ‘n woord wat deesdae baie gebruik word sonder om regtig te besef wat mense eintlik bedoel. Vir ons as Christene gaan spiritualiteit oor jou innerlike verhouding met God – ***jou saamleef saam met God en ander mense.*** En as ons van spiritualiteit praat, verwys ons ook meer spesifiek na goed soos gebed, gesprek met God, stil-word voor God, dissiplines soos meditasie ... sodat die karakter van Jesus al meer in jou sigbaar kan word. Die website ***wikipedia*** sê: ***“Spirituality, in a narrow sense, conserns itself with the matters of the spirit, a concept closely tied to religious belief and faith, a transcendent reality, or one or more deities.”***

Spiritualiteit by mense in Bybelse tyd.

Om meer rigting te kry in ons eie spiritualiteit vandag kan ons gerus ‘n paar goed leer by die gelowiges in die Bybelse tyd. Hoe het mense in die Bybelse tyd geleef? Hul spiritualiteit het na vore gekom in ‘n bepaalde lewensritme – ***“a rythm of life”*** (word bespreek deur Leonard Sweet in sy boek “Soul Tsunami”). Die gelowiges in die Bybelse tyd was hoofsaaklik deel van die Meditereense wêreld en hulle het heeltemal ‘n ander tydsbeskouing as ons gehad. Hul horlosies en kalenders het anders gewerk. Vir mense in die Bybelse tyd was die verlede baie belangriker as die toekoms. Hul rug was eintlik op die toekoms gekeer en hul gesigte het na die verlede gekyk. Al kykende na die verlede het hulle die toekoms binne gestap - agteruit vorentoe! Ons as moderne mense daarenteen kyk die toekoms in die oë. Ons staan met ons rug na die verlede. Ons bekommer ons nie veel oor die verlede nie. Die verlede is verby – dit is dooie inligting – wat verby is is verby. Vergelyk die lied van Robbie Wessels met die titel “Dis verby” wat ons lewenshouding oor tyd baie goed omskryf. Die geluk gaan jou van vooraf kom inhaal. Hoe ons voel oor môre en oormôre bepaal of ons vandag gelukkig gaan wees. Hoekom raak ons so mismoedig – as dit lyk asof ons nie ‘n toekoms het nie. Waar lê die sin van die lewe vir ons vandag? In die toekoms. As die resessie verby is, as die misdaadsyfer afneem, as die polissie gaan uitbetaal, as my gesondheid beter gaan wees.... Die Bybelse mense was nie soseer geïnteresseerd in die toekoms nie. Die verlede was baie belangriker. Daarom die groot rol wat feeste in Israel se geloofslewe gespeel het. Tydens die feeste het hulle teruggekyk en gedink aan alles wat God in die verlede gedoen het. Dink aan Psalm 77 – ons kry vir Asaf en hy wonder of God nog vir hom omgee, en dan begin hy terugdink aan God se wonderdade in

die verlede. Hy besef hoe God treë vir treë saam met die volk Israel geloop het. Hierdie kennis help hom om weer moed te kry en om vorentoe te beweeg.... agteruit vorentoe! In die Nuwe Testament is dit veral die kruis van Jesus wat die fokuspunt is van mense en wat hulle krag gee vir vorentoe. Ten spyte van krisisse en gevare kon hulle vreugdevol leef omdat hulle agteruit vorentoe beweeg het.... die oog op die kruis van Jesus!

Jesus se spiritualiteit

Hoe lyk Jesus se spirituialiteit? Jesus se spiritualiteit het nie bestaan uit die nakoming van formele geestelike dissiplines, reëls en regulasies, of oor hoeveel keer Hy gebid het nie. Jesus se spiritualiteit het oor een ding gegaan – oor verhoudings. Vergelyk die vraag oor die wet in Matteus 22:35 en 36 en Jesus se antwoord (verse 37-40) wat eerder verhoudings-taal is. Vir Jesus gaan dit oor sy liefde vir God en ook oor liefde vir mense. Daarom het Hy verhoudings aangeknoop met vreemdelinge, sondaars, straatvrouens, kindertjies, nie-Jode, tollenaars... siekes, mense wat as onrein beskou is soos melaatses. Nuwe verhoudings met mense was hoogste prioriteit van Jesus.

Jesus se lewensritme in Lukas 6:12-19

Jesus se spiritualiteit kry ons in sy manier van leef. Sy lewensritme het drie bewegings gehad:

1. Beweging 1 – begin eenkant by God (Lukas 6:12) Jesus ontrek en gaan eenkant. Hy bid heelnag. Hier gaan dit nie oor gebed as ‘n taak-ding wat afgehandel moet word of ‘n ding waarin antwoorde gesoek word nie.. Jesus het gaan rus by sy Vader – in stilte en afsondering sodat Hy weer sy Vader se hartklop kan hoor. Sodat Hy net weer sy Vader se nabyheid kan beleef. Juis omdat Jesus ook volledig mens (Hebreërs 4:15) was, moes Hy ook groei om te leer om Homself te onderwerp aan God se wil. Dit was ook die rede vir ‘n heelnag van gebed by sy Vader. Sy Vader se teenwoordigheid was sy tuiste – dit was “home” en ‘n rusplek.

2. Beweging 2 – beweeg mens-waarts (Lukas 6:13-16) Deurdat Jesus by sy Vader was (heelnag) – gee dit aanleiding om nou mens-gerig te wees – om nou oor te gaan na bediening (“ministry”) van mense. Sy tyd by God lei tot aksie en Jesus kies sy dissipelspan. Jesus is by sy Vader en dan bedien Hy mense – dit is nooit andersom nie – Hy bedien nie eers mense en raak uitgeput en gaan rus by sy Vader nie. Dit begin by rus by sy Vader. As jy ‘n geskenk vir mense wil wees, is dit hier waar jy moet begin – by God – in stilte en net om sy teen-woordigheid te beleef. Dit is hoekom Jeus nooit uitgeput geraak het nie.

3. Beweging 3 – beweeg na buite-mense (Lukas 6:17-19) Die derde beweging gaan Jesus oor na die mense wat nog nie deel van sy volgelinge is nie. Dit is ‘n beweging na buite. Ook dit begin by gemeenskap en gebed met sy Vader. Jesus se naby en diep verhouding met sy Vader dring Hom na buite ....

Wees ‘n geskenk vir ander

Om regtig geskenke te wees vir ander mense, geskenke wat die geur (die Kersgeur van die Krip-kind) afgee en versprei, is hier drie goed wat dringend aandag in jou lewe moet kry:

i) Begin deur tyd by God te spandeer. As jy nie alles wat jy doen – jou leefritme altyd begin deur tyd te maak en ‘n plek te hê waar jy rus vind by God die Vader nie, gaan jy dit moeilik vind om regtig ‘n geskenk te wees vir mense.

ii) Wees verhoudings-gedrewe. Dalk is dit die groot “mind-shift” wat ons moet maak. Die lewe wat Jesus kom voor-leef het het nie bestaan uit reëls en regulasies nie. Jesus het gesê dat die kern van Christen-wees liefde is – liefde tot God en liefde tot mense. Dit gaan oor verhoudings. Om ‘n geskenk te wees vir mense is dikwels maar net om daar by hulle te wees en net te luister. ‘n Verhoudings-gedrewe mens soekj altyd na nuwe mense om te ontmoet en nuwe verhoudings aan te knoop.

iii) Leer om agteruit vorentoe te leef. Ons broers en susters in die Bybelse tyd het vir ons geleer dat om te oorleef en om krag en moed te kry vir die dag van môre moet jy egteruit vorentoe leef ..... die oog op die kruis van Jesus Christus.